

Woensdag 3 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:3-6

Loof die Vader omdat Hy ons, sy kerk, in Christus uitverkies het

Verse 3-14 is 'n pragtige loflied waarin die Drie-enige God – die Vader (vs 6), die Seun (vs 12) en die Heilige Gees (vs 14b) – geprys word.

Lofprysing is die opgewonde uiting van jou diepste gevoelens, denke en ervaring van God se grootheid. God die Vader is die Bron en Oorsprong van al die seëninge wat ons geniet en die Vader het ons “in Christus” geseën. Die seëninge kom van daardie plek waar Christus ons regeer (hemelse seëninge) en die Heilige Gees dra die seëninge in ons in.

Heel bo aan die lang lys van seëninge in verse 4-14 staan die uitverkiesing, en ons juig oor die uitverkiesing in Christus. Alles berus by God se groot, eenmalige en onverander-like besluit om ons uit die moeras van sonde en dood oor te bring en aan Christus te ver-bind om sy eiendom te wees.

Uitverkiesing sal meer ervaar as verstaan word deur beskeie gelowiges wat verwonderd voor God kom staan en sê: “Dankie Here, ek verdien dit glad nie, u genade is groot!” God kies omdat Hy liefhet en die “ons” wat Hy verkies, sluit mense uit alle nasies in. God ver-kies ons in Christus en ons is so as sy liggaam verbind aan Christus.

God se doel met die uitverkiesing is dat ons heilig moet lewe, soos God dit wil. Die uit-verkiesing wys God se liefde vir ons, en ons lewe en optrede teenoor God en ons naas-te moet wys dat ons God se liefde in ons werk. Daarom moet ons God prys vir sy verkiesende liefde en ons aanneming tot sy kinders.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)